
Titan Lime aanleg op Moorreesburg.


Ulco gebluste kalsietbron op Barkley-Wes.



# SA Kalk en Gips

## – 'n spesialis in produkontwikkeling

NADIA NICHOLS, OPERASIONELE EN PROMOSIEBESTUURDER,
SA KALK EN GIPS

Dit is nie aldag dat 'n kalkmaatskappy optimaal toegewyd is om sy markplek te vergroot nie en deur spesialiteitsprodukte te verskaf, sodoende ook toegevoegde waarde vir hul kliënte te bied nie. SA Kalk en Gips is só 'n maatskappy.

### Titan Lime

Titan Lime is die maatskappy se nuutste projek en met 'n groot, nuwe aanleg op die ou Titan Lime perseel op Moorreesburg, bied SA Kalk en Gips nou 'n nuwe landboukalk kalsietbron sowel as twee nuwe spesialiteitsprodukte vir produsente in die Swartland-omgewing.

Met die sukses van Dolotop, 'n mengsel van dolomiet en gips, wat by die maatskappy se depot in Olifantsfontein in Johannesburg vervaardig word, is daar besluit om iets soortgelyks in die Wes-Kaap te bemark. Dolotop word daarom ook nou by Titan Lime vervaardig, sowel as Calcitop – 'n mengsel van kalsiet en gips. Hierdie produkte is ideaal vir produsente wat 'n swaeltekort het, maar ook 'n behoefte het vir kalsium en/of magnesium in hulle grond. Sodoende spaar die produsent enorme koste deur eenmalig vir vervoer en produk te betaal en 'n gekombineerde produk te ontvang in plaas daarvan om aparte vragte kalsiet/dolomiet en gips te bestel.

### Wes-Kaap

In die Wes-Kaap het SA Kalk en Gips ook 'n aanleg by Vredenburg, waar gebluste dolomiet met kalsiet gemeng word om sodoende 'n hoë-kwaliteit dolomiet (Vredenburg dolomiet 100) en hoë-kwaliteit kalsiet (Vredenburg kalsiet 100) aan produsente te verskaf. Calmag, die gebluste dolomiet wat hier vervaardig word, is alombekend en produsente tot so ver as die Oos-Kaap bewerk hul grond met dié merkwaardige produk. Ag-hydrate is weer 'n gebluste kalsietproduk wat vanaf Bredasdorp aan produsente in die Overberg-omgewing verskaf word. Hierdie produk is uitstekend vir produsente met 'n kalsiumtekort en wat hulle grondsuurheid vinnig wil regstel.

Dit is belangrik dat produsente ingelig word oor die verskillende tipes kalke wat beskikbaar is. Gereeld word die fout gemaak om net die naaste en goedkoopste kalk te gebruik, wat nie noodwendig 'n wyse besluit is nie. 'n Kalkbron is dalk ver geleë, maar as 'n produsent begin kyk na wat spesifieke kalkprodukte vanaf al die verskillende bronne vir sy opbrengste kan beteken en hoe vinnig dit 'n verskil kan maak, dan is dit slim om nie net dít te koop wat die naaste en/of goedkoopste is nie.

### Noord-Kaap en Noordwes Provinsie

Ulco Kalsiet is 'n wonderlike voorbeeld van bogenoemde. Hierdie gebluste kalkbron naby Barkley-Wes in die Noord-Kaap het homself nou al vele male bewys en produsente in die Vrystaat en tot so ver as Standerton in Mpumalanga en Heilbron, gebruik dié vinnig-werkende kalk.

Hoekom dan 'n kalsiet gebruik wat so ver weg geleë is? Die antwoord is in die produk se werking as gevolg van sy hoë KKE-waarde – Ulco Gebluste Kalsiet los vinniger op as normale kalke en 'n produsent kan dus tot twee derdes minder gebruik as normale kalke. Dit is daarom nie slegs 'n kwessie van produk- en vervoerprys nie, maar daar moet ook gekyk word na die spoed van resultate sowel as die koste per hektaar.

Prolime is ook een van SA Kalk en Gips se aanlegte by Buhrmansdrift naby Mafikeng. Hier word landboukalsiet vir produsente in die Noordwes Provinsie sowel as die Vrystaat verskaf. Prolime Voerkalk word ook aan die veevoerbedryf vanaf die aanleg verskaf.

SA Kalk en Gips verskaf dolomiet vanaf Olifantsfontein, Lyttelton, Meyerton en Mooiplaas – al vier hierdie bronne lewer mikrofyn dolomietprodukte aan produsente in Gauteng, die Vrystaat, die Noordwes Provinsie, Limpopo en KwaZulu-Natal. As gevolg van die fynheid van die dolomiet is hierdie produkte se werking veel vinniger as normale dolomitiese landboukalk.

SA Kalk en Gips is doeltreffend vanweë hul wye netwerk van kalk- en gipsbronne regoor Suid-Afrika, wat altyd 'n oplossing vir produsente se kalk- en gipsbehoeftes bied. Die maatskappy brei nou ook uit na Zambië en Mosambiek en binnekort sal nie slegs produsente in Suid-Afrika voordeel trek uit kalk- en gipsprodukte vanaf SA Kalk en Gips nie, maar ook produsente in ons buurlande.

Met drie aanlegte wat vanjaar reeds open in Zambië en een in Mosambiek (oplosbare silikon), is die maatskappy nou verseker die voorloper as dit kom by kalk en gips in sub-Sahara Afrika. ■